NG Kerk Swartland-Noord Gemeente
Bergzichtstraat 40, Malmesbury, 7300
Tel: (022) 482-1407

Nuusbrief

Maart 2020

1. Inleiding

2020 het met ‘n vaart weggespring! Families het vroeg in Januarie almal weer bietjie gesukkel om hulle tree in te kry, maar nou swem almal weer lustig in die groot see van die samelewing se branders en strome. Die wonderlike is dat God die hele tyd daar en hier is! U moet asb die tweede deel van die nuusbrief noukeurig deurlees rakende die Corona virus en hoe dit die gemeente se bediening raak!

2. Gemeentebediening

- Toerusting

Donderdagaande is nou uitgeboek vir toerusting aande. Hier word geleenthede geskep om op verskillende terreine te luister en te leer oor hoe ons as Christene die lewe vanuit die Bybel moet kan aanpak en leef. Ons het die eerste kwartaal met die Familiegesprek toerusting begin nadat die kerkraad ‘n Familegesprek komitee versoek het om die proses aan die gang te sit.

Hierdie toerusting word aan vrywilligers (gespreksleiers) aangebied. Die fokus gaan daaroor om lidmate toe te rus om intensioneel met iemand anders in gesprek te gaan oor sy/haar/hulle huidige reis met God en Sy gemeente (Swartland Noord). Hierdie gespreksleiers sal dan deur ‘n sistematiese proses by elke besoekpunt (tans 738 besoekpunte) besoek aflê en by wyse van ‘n oop, veilige en omgee gesprek gesels oor hulle reis met God soos dit tans gebeur. Ons hoop om in die eerste fase van gesprekke, binne een jaar die eerste gesprek te voer met elke besoekpunt. Hierdie is ‘n spanpoging van gespreksleiers, wyksleiers, wyksleierkoordineerder en leraars om met die gemeente familie sinvol kontak te maak en mekaar te herinner dat ons in die Naam van Jesus Christus mekaar nodig het en dat ons ‘n getuienis het om met die gemeenskap en die wêreld te deel. Hierdie eerste fase is ‘n inleiding tot die versterking van ‘n gespreks- en luisterkultuur waar ‘n Christen familie mekaar aanmoedig om hulle reis met God en Sy gemeente gelowig-moedig aan te pak.

34 Vrywilligers het aangemeld en is deur 4 sessies van toerusting. Daar sal nog DV opvolgende sessies wees waartydens data en inligting versamel sal word met die oog op die bedieningspad vorentoe.

Die Veldtog vanjaar het die reeks “Koördinate vir die Koninkryk” aangepak. Hierdie reeks het uit verskillende perspektiewe gaan kyk wat die beginsels en waardes van God se koninkryk is. Bykans 100 persone het in kleingroepe weekliks bymekaar gekom en die lig van die Bybel op hierdie onderwerp laat val. Die eredienste van die

eerste kwartaal het ook oor 8 Sondae die kern teks van die week uit die boekie as vertrekpunt gebruik. Ons het ons opnuut weer oor die misterie en grootheid van God en Sy Ryk verwonder. Daarmee saam het ons ook die geleentheid gekry om die uitleef van ons burgerskap van die Koninkryk te besoek. Op Sondag 16 Februarie was daar tussen Noord en Moedergemeente ook kanselruiling om sodoende ons saamwees in die Veldtog sigbaar te vier.

- Kleingroepe

Ons as kerkraad is diep oortuig dat kleingroepe een van die baie sinvolle plekke/omgewings is waar ons as Christene toegerus en versorg kan word betreffende ons reis met God en Sy gemeente. Elkeen van u word uitgenooi om met Gey Kriek of die leraars in die verband te kontak.

- Eredienste

Die eredienste het nou 2 kleur Sondae per kwartaal wat elkeen ‘n spesifieke aanslag het. Blou en Pers! Blou is Familiedienste waar ons almal saam in die kerk aanbid en feesvier. Pers is wanneer die tieners help om die erediens te beplan en dat ouers en lidmate blootgestel word aan dit wat die tieners in hulle geloofslewe doen, dink en beleef. Sondag 8 Maart was die eerste Pers Sondag en die volgende een word vir Sondag 10 Mei beplan. Die musiekgroep speel ook ‘n besondere rol om die feesvierende en aanbiddende karakter van die eredienste te versterk.

Sondag 5 April sou John Louis Herselman by ‘n blou Familie Sondag ‘n aanbieding lei, maar is ook vanweë die President se aankondiging op Sondag 15 April, eers uitgestel.

- Kommunikasie

Die toepassing “Telegram” is nader gebring om ons kommunikasie binne die gemeente te versterk. Met die opstel van die kerkkalender het daar op sommige plekke inligting in verkeerde blokkies beland. Hou maar die spasie van die Sondag afkondigings en “Telegram” dop aangesien regstellings, waar nodig, by laasgenoemde sal plaasvind.

- Barmhartigheid

Hierdie is ‘n bediening wat ‘n baie besondere Evangeliese roeping uitleef! Helpende Hande Swartland Noord is ‘n groep mense wat baie gereeld en op baie verskillende maniere vir mense in nood hoop en verligting bring wanneer die eise van die lewe net te veel raak. By wyse van kospakkies en emosionele omgee word iets van God se genade en barmhartigheid aan mense in nood oorgedra.

3. Getuienis

Die kerk leef ook ter wille van haar nie-lidmate. Dit is hier waar die Getuienis span inkom en kapasiteit verleen aan sendelinge wat in ‘n nie-kerklike omgewing die Evangelie uitdra. Deel hiervan is ook die Plaas kinderkrans waar rolspelers met kinders van plaaswerkers ‘n bediening van die Woord op kreatiewe maniere doen.

4. Pinkster 2020

Pinkster 2020 sal plaasvind van 17 tot 24 Mei hierdie jaar. Ons het die Pinkster een week vroeër geskuif om ook die hoërskool-leerders te kan akkommodeer. Die twee oggend eredienste van 17 en 24 Mei sal by die Moedergemeente gehou word. Die aanddienste van 17 tot 20 Mei sal by die VGK Malmesbury aangebied word. Dit is om hierdie jaar ook die getuienis uit te leef dat ons as gemeentes van die Here verskillende denominasies is, maar een Here aanbid. Hemelvaart op 21 Mei sal by Swartland-Noord gehou word en al die ander gemeentes vier dit ook in hul eie gemeentes.

5. Jeug

- Senior Kategese

  Ons het reeds verduidelik wat die kleur Sondae behels en hierdie konsep werk tans baie sinvol. Ons sal van tyd tot tyd op u as ouers steun vir hulp wat logistiek en aanbieders betref. Ons het mekaar hier regtig baie nodig! Die graad 10 en 11 groep gaan vanjaar saam kamp en die huidige graad 10’s gaan DV in 2021 die eerste groep wees wat die Diensjaar seisoen sal inlei. Meer detail volg later.

- Paidion

  Die paidion groep het tans bietjie meer ondersteuning nodig wat fasiliteerders betref. Moet asb nie huiwer en dink dat dit “moeilik” is nie. Hierdie is ‘n maklike geleentheid om diensbaar te wees en die voorreg te kan geniet om met kinders te werk.

6. Bates en Finansies

Tans is ons geboue en fasiliteite in ‘n goed versorgde toestand. Ons het uitdagings met ons klank sisteem gehad, maar dankie aan die rolspelers wat die ekstra myl gestap het om dit reg te stel.

Die orrel het ons groot laat skrik vanweë ‘n “wanklankie” in sy gorrel! Gelukkig was daar kundige mense wat ‘n akkurate diagnose kon maak oor wat om te herstel en te versien. Daar was ook ruimhartige donateurs wat die herstelwerk van die orrel kan finansier en ons is regtig dankbaar dat God deur mense se optredes voorsien.

- Geldsake

Die gemeente se geldsake is tans in ‘n posisie wat die kerkraad baie fyn moet begroot en beplan. Ons sal nie graag die kern werksaamhede van God se gemeente wil afskaal nie, aangesien ons glo dat Jesus Christus se kerk ‘n besondere getuienis in die samelewing behoort te speel!

Ons wil elkeen versoek om u persoonlike finansiële posisie te gaan besoek, dit voor die Here te plaas en die saak met Hom uit te maak. Mag dit vir u ‘n goeie oomblik voor God wees waarin ons elkeen weer ons dankbaarheid oor Sy Offer aan ons bedink en daarvolgens besluit en optree. Miskien is dit dalk vir ons elkeen weer nodig om ons offervaardigheid met die van Jesus Christus en die Woord te belyn. (Mal.2:10, Matt.23:23, 2 Kor.8:10-12)

7. Vroueaksie

Ons Vroue vir Christus bediening sou op Donderdag 19 Maart 'n spesiale aand met Nicole Neethling as gas aangebied het, maar is vanweë die virus noodtoestand eers uitgestel.

8. DIE CORONA VIRUS EN DIE GEMEENTE SE BEDIENING

Ons Land asook ons gemeenskap beweeg vinnig in ‘n onseker tyd. Die Covid-19 virus het die internasionale gemeenskap in baie moeilike omstandighede geplaas weens die uitwerking daarvan op mense sonder enige geskiedenis van hierdie virus.

In die lig hiervan moes die kabinet by monde van pres. Cyril Ramaphosa Sondagaand 15 Maart 2020 ‘n noodtoestand afkondig met ingrypende maatreëls. Vir enige hulp of navrae in sake die virus skakel die Nasionale Hulplyn 060 012 3456.

Die kerk is verantwoordelik om 1) gehoor te gee aan die toepaslike maatreëls (groepe mense mag nie 100 oorskry) asook om 2) om te sien na die fisiese gesondheid van gemeentelede met betrekking tot Covid-19 virus.

Na deeglike gesprek is die kerkraad van oortuiging dat die volgende maatreëls met betrekking tot kerklike aktiwiteit in plek gestel moet word.

- **EREDIENSTE**

Alle eredienste in Swartland Noord word tot na Paasnaweek (12 April) opgeskort. Die kerkraad sal die situasie monitor en die besluit heroorweeg sodra dit blyk om die besluit te verander.

Ons moedig die families aan om Sondagoggende 9.30 hulle unieke huiskerk te skep aan die hand van die onderstaande hulpmiddels (sien punt 1 -4)

Die leraar wat op ‘n Sondag binne hierdie opgeskorte periode sou preek, sal steeds verantwoordelikheid aanvaar om ‘n “preek” in alternatiewe formaat voor te berei en dit op die volgende maniere aan huishoudings te versprei:

Gedurende Vrydagoggend voor 11h00 van die betrokke Sondag die “preek” beskikbaar te stel n wel as volg:

1. ‘n Harde kopie van die “preek” by die kerkkantoor beskikbaar te stel of vir wyksleiers.
2. In elektroniese formaat beskikbaar te stel aan die wat eposse het. (Indien u nie seker is of u epos adres by die kerkkantoor op rekord is nie, stuur asseblief u epos adres aan die kerkkantoor by admin@ngksn.co.za)
3. Op die webtuiste te plaas. (www.ngswartlandnoord.co.za)
4. Deur die Telegram kommunikasie kanaal (https://t.me/ngksn)
5. ‘n Kern boodskap oor die preek gaan op die kerk se Youtube kanaal geplaas word. (https://www.youtube.com/channel/UCEAFtoHLXs0pnaT2cZx6JuQ)

Die vier leraars van Noord en Moedergemeente sal op ‘n rotasie basis aan die hand van die vier bogenoemde punte, die inhoud vir die betrokke Sondag se huiskerk voorberei.

- **FAMILIES, KINDERS, KATEGESE EN PAIDION**

Sou die opskorting van die eredienste oorloop tot na die skoolvakansie, wil ons u as ouers versoek om Sondae oggende met u kinders ‘n kreatiewe huisgeloof oomblik rondom 9h30 te hanteer. Die leraars sal aanhou om u as families met Bybel en aanbid materiaal te voorsien soos wat in die 4 punte onder Eredienste verduidelik is. Tyd sal ons hier leer.

- **KLEINGROEPE & GEMEENTE TOERUSTIING**

Hiermee wil ons u versoek om die bymekaarkom van u kleingroepe ook eers tot verdere kennisgewing op te skort sodat ons nie vir mekaar ‘n risiko sal wees ten opsigte van die aansteek van die virus nie. Ons moedig ook die kleingroepleiers aan om met hulle groepe deur middel van sosiale media kontak te hou en sodoende die familieband te bly vier. Toerustings aande wat vir Donderdag aande geskeduleer is, is ook eers uitgestel tot verdere kennisgewing.

- **PASTORAAT**

U kan steeds die leraars enige tyd kontak as u enige ondersteuning nodig het. Die leraars sal egter ook versigtig en verantwoordelik wees betreffende kontak met mense, maar as u ‘n leraar nodig het, sal die nodige voorsorg getref word en u sal nie noodwendig op risiko geplaas word nie.

- **TROUES EN BEGRAFNISSE**

Daar sal groot sensitiwiteit aan die dag gelê word, aangesien hierdie sterk emosie belaaide geleenthede is. Hulle sal elke situasie se uniekheid omarm en probeer om die seremonies so klein as moontlik te hou, maar ook terselfdertyd die standaard higiëne voorskrifte met die betrokke families deurwerk.

- **OFFERGAWES**

Ons wil u ‘n geleentheid bied om u offergawes steeds te kan bly gee. U kan ‘n EFT na die Gemeente se bankrekening doen.

Bank besonderhede:	Bank:	Nedbank
	Takkode:	154605
	Rekeningnr:	1285043421
	Rekening Naam:	NG Kerk Swartland Noord

U sou ook u koevertjie of kontant by die kerkkantoor se kluisgleuf regs van die kantoordeur te kom ingooi. Ons is tans in die 10de maand seisoen en moedig u aan om u tiende maand koevertjie of bydrae by die kerkkantoor te kom inhandig of te EFT. Om u toegang tot die kluisgleuf te gee waar u ‘n koevertjie of kontant kan plaas, sal die groot veiligheidshek voor die saal Maandae tot Vrydaevanaf 08h00 tot 19h00 oop bly. Die kerkkantoor en saal is gedurende die na kantoor ure onder alarm beskerming.

- **HELPENDE HANDE**

Hiermee versoek ons lidmate wat Sondae kospakkies na die eredienste vir die Lasarus projek gebring het, om asb daarmee voort te gaan deur die kospakkies by die kerkkantoor deur die week te kom afgee. Sal u asb u kospakkies so aanpas dat die kospakkie gevries kan word en sodoende vir ‘n tydjie in die kerk se vrieskas gestoor kan word totdat dit versprei word. Die verspreiding sal op Sondae voortgaan.

- **KERKKANTOOR PERSONEEL**

Die personeel sal die gewone kantoorure werk vanaf 8.30 – 12.30

- **OMGEE**

Hiermee wil ons graag namens die kerkraad u van ons voorbidding verseker. Daar is soveel mense wat deur die teenwoordigheid van die virus geraak word. Ekonomies, emosioneel, fisies en geestelik word ons almal tot ‘n mindere of meerdere mate geraak. Kom ons sien hierdie seisoen ook as ‘n geleentheid om draers van hoop te wees en dat ons mense sal wees wie se lewens deur Jesus Christus gedefinieer word. Ons is immers Sy kerk!

9. Algemeen

Ons is elkeen bevoorreg om deel van ‘n geloofsgemeenskap te wees. Daardie geloofsgemeenskap is meer as Swartland Noord, maar dit is ook Swartland Noord. Kom ons leef en dien met dit wat God ons skenk!